Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 665 | Cape Town / Kaapstad | 05 November 2020 | **No. 43884**

The Presidency

No. 1189 05 November 2020

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 14 of 2020: Disaster Management Tax Relief Administration Act, 2020

Die Presidensie

No. 1189 05 November 2020

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No. 14 van 2020: Wet op Administrasie van Rampbestuurbelastingverligting, 2020

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5843

9 771682 584003 43884

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(English text signed by the President)
(Assented to 3 November 2020)

ACT

To provide for tax measures in order to assist with alleviating cash flow burdens on tax compliant micro and small to medium-sized businesses arising as a result of the COVID-19 pandemic and measures taken under the Disaster Management Act, 2002; to provide for employees' tax treatment of donations to the Solidarity Fund; to provide for a change in the value-added tax category of vendors to effect monthly returns and refunds; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

ARRANGEMENT OF SECTIONS

1. Definitions
2. Deferral of employees' tax
3. Deferral of provisional tax
4. Deferral of interim payments by micro businesses
5. Donations to Solidarity Fund
6. Change in Value-Added Tax Category
7. Extension of time periods
8. Short title and commencement

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise, a term which is assigned a meaning in a ''tax Act'', as defined in section 1 of the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011), or the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), has the meaning so assigned, and the following terms have the following meaning:

"lockdown" is the period of lockdown as determined by regulations made under the Disaster Management Act, 2002 (Act No. 57 of 2002), by the Cabinet member designated under section 3 of that Act, which is the period between 23H59 on 26 March 2020 until 23H59 on 30 April 2020;

"qualifying micro business" is a micro business that meets the requirements set out in Part II of the Sixth Schedule to the Income Tax Act that—

(a) is a taxpayer as defined in section 151 of the Tax Administration Act; and

(b) is tax compliant as referred to in section 256(3) of the Tax Administration Act when making a reduced payment under this Act;

"qualifying taxpayer" is a company, trust, partnership or individual—

(a) that is a taxpayer as defined in section 151 of the Tax Administration Act;

(b) that conducts a trade during the year of assessment ending on or after 1 April 2020 but before 1 April 2021 and has a gross income of R100 million or less during that year of assessment;

(c) whose gross income for that year of assessment does not include more than 20 per cent in aggregate of interest, dividends, foreign dividends, royalties, rental from letting fixed property, annuities and any remuneration received from an employer; and

(d) that is tax compliant as referred to in section 256(3) of the Tax Administration Act when making a reduced payment under this Act:

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 3 November 2020)

WET

Om vir belastingmaatreëls voorsiening te maak ten einde belastingnakomende mikro- en klein tot medium grootte besighede by te staan met die verligting van kontantvloeilaste wat voortspruit uit die COVID-19-pandemie en maatreëls ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002, ingestel; om vir die hantering van werknemersbelasting ten aansien van skenkings aan die Solidariteitsfonds voorsiening te maak; om vir 'n verandering in die kategorieë van belasting op toegevoegde waarde van ondernemers voorsiening te maak deur maandelikse opgawes en terugbetalings te bewerkstellig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INDELING VAN ARTIKELS

1. Woordomskrywing
2. Uitstel van werknemersbelasting
3. Uitstel van voorlopige belasting
4. Uitstel van oorgangsbetalings deur mikrobesighede
5. Skenkings aan Solidariteitsfonds
6. Verandering in kategorie van Belasting op Toegevoegde Waarde
7. Verlenging van tydperke
8. Kort titel en inwerkingtreding

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, dra 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge 'n ''Belastingwet'', soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011), of die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), omskryf, daardie betekenis, en dra die volgende uitdrukkings die volgende betekenisse:

"grendeltydperk" die grendeltydperk soos bepaal in die regulasies ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet No. 57 van 2002), uitgevaardig deur die Kabinetslid kragtens artikel 3 van daardie Wet aangewys, welke tydperk die tydperk tussen 23H59 op 26 Maart 2020 tot 23H59 op 30 April 2020 is;

"kwalifiserende belastingpligtige" 'n maatskappy, trust, vennootskap of enkelpersoon—

(a) wat 'n belastingpligtige is soos in artikel 151 van die Wet op Belastingadministrasie omskryf;

(b) wat 'n bedryf beoefen gedurende die jaar van aanslag wat op of na 1 April 2020 maar voor 1 April 2021 eindig, en 'n bruto inkomste van R100 miljoen of minder gedurende daardie jaar van aanslag het;

(c) wie se bruto inkomste vir daardie jaar van aanslag nie meer as 20 persent, in totaal, rente, dividende, buitelandse dividende, tantieme, huur van vaste eiendom, annuïteite en enige besoldiging ontvang van 'n werkgewer, insluit nie; en

(d) wat belastingnakomend is soos in artikel 256(3) van die Wet op Belastingadministrasie bedoel, ten tyde van die maak van 'n verminderde betaling kragtens hierdie Wet:

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Provided that—

(i) the gross income of a partnership for purposes of this definition is the aggregate of the partners' gross income from the partnership;

(ii) the requirement in paragraph *(b)* will be deemed to have been met if the Commissioner is satisfied that the taxpayer's estimate of the gross income for that year of assessment, when making a reduced payment under this Act, was seriously calculated with due regard to the factors having a bearing thereon and was not deliberately or negligently understated; and

(iii) paragraph *(c)* must be read without the reference to rental from letting fixed property, if the primary trading activity of the company, trust, partnership or individual is the letting of fixed properties and substantially the whole of the gross income is rental from fixed property; and

"Solidarity Fund" means the Solidarity Response Fund, registered with the Companies and Intellectual Property Commission as a non-profit company under registration number 2020/179561/08.

Deferral of employees' tax

2. (1) A qualifying taxpayer, that is a resident employer or representative employer as referred to in paragraph 2 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, that is registered as such an employer by 25 March 2020, may pay only 65 per cent of the employees' tax payable in terms of paragraph 2(1) of the Fourth Schedule, with respect to amounts deducted or withheld during the period commencing on 1 April 2020 and ending on 31 August 2020.

(2) The remaining amount of 35 per cent of the employees' tax payable in terms of paragraph 2(1) of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, with respect to amounts deducted or withheld during the period in subsection (1), must be included in the gross employees' tax due and payable by the employer in six equal monthly instalments, commencing on 7 October 2020 and ending on 5 March 2021.

(3) No penalties in terms of paragraph 6 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act will be levied on amounts deferred in terms of subsection (1).

(4) No interest in terms of section 89*bis* of the Income Tax Act will be charged in respect of amounts deferred in terms of subsection (1).

(5) The amounts due in terms of subsection (2) are subject to penalties in terms of paragraph 6 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act and interest in terms of section 89*bis* of the Act, if not paid when due and payable.

Deferral of provisional tax

3. (1) A qualifying taxpayer that is a provisional taxpayer may—

(a) during the period commencing on 1 April 2020 and ending on 30 September 2020, in respect of provisional tax payable in terms of paragraph 21(1)*(a)* or 23*(a)* of the Fourth Schedule to the Income Tax Act during the period, pay 15 per cent instead of one half of an amount equal to the total estimated liability (as determined in accordance with paragraph 17 of the Fourth Schedule) for normal tax in respect of the relevant year of assessment less the total amount of—

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Met dien verstande dat—

(i) die bruto inkomste van 'n vennootskap vir doeleindes van hierdie omskrywing die totaal van die vennote se bruto inkomste vanuit die vennootskap is;

(ii) die vereiste in paragraaf *(b)* geag word nagekom te wees indien die Kommissaris oortuig is dat die belastingpligtige se skatting van die bruto inkomste vir daardie jaar van aanslag, ten tyde van die maak van die verminderde betaling kragtens hierdie Wet, in erns bereken is met behoorlike inagneming van die faktore wat daarop betrekking het, en nie opsetlik of uit nalatigheid te min geskat is nie; en

(iii) paragraaf *(c)* gelees moet word sonder die verwysing na die huur uit die verhuring van vaste eiendom, indien die primêre bedryfsaktiwiteit van die maatskappy, trust, vennootskap of enkelpersoon die verhuring van vaste eiendomme is en wesenlik die geheel van die bruto inkomste uit die huur van vaste eiendomme kom;

"kwalifiserende mikrobesigheid" 'n mikrobesigheid wat aan die vereistes soos uiteengesit in Deel II van die Sesde Bylae by die Inkomstebelastingwet voldoen, wat—

(a) 'n belastingpligtige is soos in artikel 151 van die Wet op Belastingadministrasie omskryf; en

(b) belastingnakomend is, soos in artikel 256(3) van die Wet op Belastingadministrasie bedoel, ten tyde van die maak van 'n verminderde betaling ingevolge hierdie Wet; en

"Solidariteitsfonds" die ''Solidarity Response Fund'', geregistreer by die Maatskappye en Intellektuele Eiendomkommissie as 'n nie-winsgewende maatskappy met registrasienommer 2020/179561/08.

Uitstel van werknemersbelasting

2. (1) 'n Kwalifiserende belastingpligtige, wat 'n werkgewer is wat 'n inwoner of verteenwoordigende werkgewer is, soos in paragraaf 2 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet bedoel, wat as so 'n werkgewer teen 25 Maart 2020 geregistreer is, kan slegs 65 persent van die werknemersbelasting betaalbaar ingevolge paragraaf 2(1) van die Vierde Bylae betaal, ten opsigte van bedrae afgetrek of teruggehou gedurende die tydperk wat op 1 April 2020 'n aanvang neem en op 31 Augustus 2020 eindig.

(2) Die oorblywende bedrag van 35 persent van die werknemersbelasting betaalbaar ingevolge paragraaf 2(1) van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, ten opsigte van bedrae afgetrek of teruggehou gedurende die tydperk in subartikel (1), moet ingesluit word in die bruto werknemersbelasting verskuldig en betaalbaar deur die werknemer in ses gelyke maandelikse paaiemente, wat op 7 Oktober 2020 'n aanvang neem en op 5 Maart 2021 eindig.

(3) Geen boetes ingevolge paragraaf 6 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet sal gehef word op bedrae ingevolge subartikel (1) uitgestel nie.

(4) Geen rente ingevolge artikel 89*bis* van die Inkomstebelastingwet sal ten opsigte van bedrae uitgestel ingevolge subartikel (1) gehef word nie.

(5) Die bedrae verskuldig ingevolge subartikel (2) is onderhewig aan boetes ingevolge paragraaf 6 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet en rente ingevolge artikel 89*bis* van die Wet, indien nie betaal sodra betaalbaar en verskuldig nie.

Uitstel van voorlopige belasting

3. (1) 'n Kwalifiserende belastingpligtige wat 'n voorlopige belastingpligtige is, kan—

(a) gedurende die tydperk wat op 1 April 2020 'n aanvang neem en op 30 September 2020 eindig, ten opsigte van voorlopige belasting betaalbaar ingevolge paragraaf 21(1)*(a)* of 23*(a)* van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet gedurende hierdie tydperk, 15 persent betaal in plaas van een helfte van 'n bedrag gelyk aan die totale geskatte aanspreeklikheid (soos volgens voorskrif van paragraaf 17 van die Vierde Bylae vasgestel) vir normale belasting ten opsigte van die tersaaklike jaar van aanslag min die totale bedrag van—

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(i) any employees' tax deducted by the taxpayer's employer during the year up to the date the provisional tax is due and payable; and

(ii) any tax proved to be payable to the government of any other country which will qualify as a rebate under section 6*quat* of the Income Tax Act; and

(b) during the period commencing on 1 April 2020 and ending on 31 March 2021, in respect of provisional tax payable in terms of paragraph 21(1)*(b)* or 23*(b)* of the Fourth Schedule to the Income Tax Act during this period, pay 65 per cent instead of an amount equal to the total estimated liability (as finally determined in accordance with paragraph 17 of the Fourth Schedule) for normal tax in respect of the relevant year of assessment less the total amount of—

(i) any amount paid as provisional tax for the year within the period ending six months after the commencement of the year;

(ii) any employees' tax deducted by the taxpayer's employer during the year; and

(iii) any tax proved to be payable to the government of any other country which will qualify as a rebate under section 6*quat* of the Income Tax Act.

(2) Provisional tax deferred in terms of subsection (1) will be due and payable by the qualifying taxpayer on the effective date, referred to in section 89*quat* of the Income Tax Act, by when additional provisional tax payments may be made under paragraph 23A(1) of the Fourth Schedule, for the year of assessment to which the provisional tax deferred relates.

(3) No penalty in terms of paragraph 20 or 27 of the Fourth Schedule will be imposed in respect of provisional tax payments deferred in terms of subsection (1).

(4) No interest in terms of section 89*bis*(2) of the Income Tax Act will be charged in respect of provisional tax payments deferred in terms of subsection (1).

(5) The amounts due and payable in terms of subsection (2) are subject to interest under section 89*quat* of the Income Tax Act.

Deferral of interim payments

4. (1) A qualifying micro business may—

(a) during the period commencing on 1 April 2020 and ending on 31 August 2020, in respect of an interim payment payable in terms of paragraph 11(1)*(c)* of the Sixth Schedule to the Income Tax Act during this period, pay 15 per cent instead of 50 per cent of the amount of tax so calculated in terms of paragraph 11(1)*(a)* and *(b)*; and

(b) during the period commencing on 1 September 2020 and ending on 28 February 2021, in respect of an interim payment payable in terms of paragraph 11(4)*(c)* of the Sixth Schedule, pay 65 per cent instead of an amount equal to the amount of tax calculated in terms of paragraph 11(4)*(a)* and *(b)* less the amount paid in terms of subsection (1)*(a)*.

(2) Interim payments deferred in terms of subsection (1) will be due and payable by the micro business by the date of payment as specified in a notice of assessment.

(3) No penalties in terms of paragraph 11(6) of the Sixth Schedule will be imposed on amounts deferred in terms of subsection (1).

(4) No interest in terms of paragraph 11(3) or (5) of the Sixth Schedule will be charged in respect of interim payments deferred in terms of subsection (1).

(5) The amounts due and payable in terms of subsection (2) are subject to penalties in terms of paragraph 11(6) of the Sixth Schedule and interest in terms of paragraph 11(3) or (5) of the Sixth Schedule if not paid when due and payable.

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(i) enige werknemersbelasting deur die belastingpligtige se werkgewer afgetrek gedurende die jaar tot en met die datum waarop die voorlopige belasting verskuldig en betaalbaar is; en

(ii) enige belasting wat bewys word betaalbaar te wees aan die regering van enige ander land wat as 'n korting kragtens artikel 6*quat* van die Inkomstebelastingwet sal kwalifiseer; en

(b) gedurende die tydperk wat op 1 April 2020 'n aanvang neem en op 31 Maart 2021 eindig, ten opsigte van voorlopige belasting betaalbaar ingevolge paragraaf 21(1)*(b)* of 23*(b)* van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet gedurende hierdie tydperk, 65 persent betaal in plaas van 'n bedrag gelyk aan die totale geskatte aanspreeklikheid (soos volgens voorskrif van paragraaf 17 van die Vierde Bylae finaal vasgestel) vir normale belasting ten opsigte van die tersaaklike jaar van belasting min die totale bedrag van—

(i) enige bedrag as voorlopige belasting betaal vir die jaar, binne die tydperk wat eindig ses maande na die aanvang van die jaar;

(ii) enige werknemersbelasting deur die belastingpligtige se werkgewer gedurende daardie jaar afgetrek; en

(iii) enige belasting wat bewys word betaalbaar te wees aan die regering van enige ander land wat as 'n korting kragtens artikel 6*quat* van die Inkomstebelastingwet sal kwalifiseer.

(2) Voorlopige belasting ingevolge subartikel (1) uitgestel, sal verskuldig en betaalbaar wees deur die kwalifiserende belastingpligtige op die effektiewe datum, in artikel 89*quat* van die Inkomstebelastingwet bedoel, teen wanneer addisionele voorlopige belastingbetalings kragtens paragraaf 23A(1) van die Vierde Bylae gemaak kan word, vir die jaar van aanslag waarop die uitgestelde voorlopige belasting betrekking het.

(3) Geen boete ingevolge paragraaf 20 of 27 van die Vierde Bylae sal opgelê word ten opsigte van voorlopige belastingbetalings ingevolge subartikel (1) uitgestel nie.

(4) Geen rente ingevolge artikel 89*bis*(2) van die Inkomstebelastingwet sal gehef word ten opsigte van voorlopige belastingbetalings ingevolge subartikel (1) uitgestel nie.

(5) Die bedrae verskuldig en betaalbaar ingevolge subartikel (2) is aan rente kragtens artikel 89*quat* van die Inkomstebelastingwet, onderhewig.

Uitstel van oorgangsbetalings deur mikrobesighede

4. (1) 'n Kwalifiserende mikrobesigheid kan—

(a) gedurende die tydperk wat op 1 April 2020 'n aanvang neem en op 31 Augustus 2020 eindig, ten opsigte van 'n oorgangsbetaling ingevolge paragraaf 11(1)*(c)* van die Sesde Bylae by die Inkomstebelastingwet betaalbaar gedurende hierdie tydperk, 15 persent in plaas van 50 persent van die bedrag belasting aldus bereken ingevolge paragraaf 11(1)*(a)* en *(b)*, betaal; en

(b) gedurende die tydperk wat op 1 September 2020 in aanvang neem en op 28 Februarie 2021 eindig, ten opsigte van 'n oorgangsbetaling ingevolge paragraaf 11(4)*(c)* van die Sesde Bylae betaalbaar, 65 persent betaal in plaas van 'n bedrag gelyk aan die bedrag belasting ingevolge paragraaf 11(4)*(a)* en *(b)* bereken minus die bedrag ingevolge subartikel (1)*(a)* betaal.

(2) Oorgangsbetalings ingevolge subartikel (1) uitgestel sal verskuldig en betaalbaar wees deur die mikrobesigheid teen die datum van betaling soos in 'n kennisgewing van aanslag bepaal.

(3) Geen boetes ingevolge paragraaf 11(6) van die Sesde Bylae sal gehef word op bedrae ingevolge subartikel (1) uitgestel nie.

(4) Geen rente ingevolge paragraaf 11(3) of (5) van die Sesde Bylae, sal gehef word ten opsigte van oorgangsbetalings ingevolge subartikel (1) uitgestel nie.

(5) Die bedrae verskuldig en betaalbaar ingevolge subartikel (2) is onderhewig aan boetes ingevolge paragraaf 11(6) van die Sesde Bylae en rente ingevolge paragraaf 11(3) of (5) van die Sesde Bylae, indien nie betaal wanneer verskuldig en betaalbaar nie.

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Donations to Solidarity Fund

5. An employer may, for purposes of paragraph 2(4) of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, deduct from remuneration so much of a donation to the Solidarity Fund made by the employer on behalf of the employee either—

(a) during a period of three months commencing on or between 1 April and 1 July 2020—

(i) as does not exceed 33.33 per cent of that remuneration per month after deducting therefrom the amounts contemplated in items (*a*), (*b*) and (*b*A) of that paragraph; and

(ii) for which the employer will be issued a receipt as contemplated in section 18A(2)(*a*) of the Income Tax Act; or

(b) during a period of six months commencing on 1 April 2020—

(i) as does not exceed 16.66 per cent of that remuneration per month after deducting therefrom the amounts contemplated in items (*a*), (*b*) and (*b*A) of that paragraph; and

(ii) for which the employer will be issued a receipt as contemplated in section 18A(2)*(a)* of the Income Tax Act.

Change in Value-Added Tax Category

6. (1) Notwithstanding anything to the contrary in the Value-Added Tax Act, a vendor registered under a Category A or Category B tax period is deemed to fall within a Category C tax period if that vendor, for the purposes of section 28 of that Act, furnishes a return to the Commissioner and calculates the tax payable by or refund due to the vendor in respect of a month that falls within the two months that constitute the Category A or Category B tax period: Provided that—

(a) the calculation of tax payable by or refund due to the vendor, must be done in accordance with section 16 of that Act, as if the vendor falls within the Category C tax period; and

(b) such vendor shall furnish a return to the Commissioner and calculate the tax payable or the refund due to the vendor, in respect of the month corresponding to the month in which the Category A or Category B tax period ends.

(2) In respect of a vendor registered under a Category A tax period, this section commences during the April to May 2020 tax period and ends during the June to July 2020 tax period and will operate for a maximum period of four months.

(3) In respect of a vendor registered under a Category B tax period, this section commences during the May to June 2020 tax period and ends during the July to August 2020 tax period and will operate for a maximum period of four months.

Extension of time periods

7. (1) For purposes of the calculation of a time period prescribed under a tax Act, as defined in section 1 of the Tax Administration Act, the period of the lockdown must be regarded as *dies non* for a time period prescribed—

(a) under section 49G(1), section 50G(1), section 64L(1) and section 64M(1) of the Income Tax Act, for purposes of calculating the three-year period for submitting the prescribed documentation;

(b) in respect of a notice under section 47 of the Tax Administration Act if the notice requires a taxpayer to attend an interview on a date within the lockdown period;

(c) in respect of a notice under section 48(1) of the Tax Administration Act if the date of the field audit in the notice is on a date within the lockdown period;

(d) for a notice to appear at an inquiry under section 53 of the Tax Administration Act if the date of appearance is on a date within the lockdown period;

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Skenkings aan Solidariteitsfonds

5. 'n Werkgewer kan, vir doeleindes van paragraaf 2(4) van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, aftrek van besoldiging soveel van 'n skenking aan die Solidariteitsfonds gemaak deur die werkgewer namens die werknemer—

(a) òf gedurende 'n tydperk van drie maande wat op of tussen 1 April en 1 Julie 2020 in aanvang neem—

(i) soos wat nie 33.33 persent van daardie besoldiging per maand oorskry nie nadat die bedrae in items *(a)*, *(b)* en (*b*A) van daardie paragraaf beoog, daarvan afgetrek is; en

(ii) waarvoor 'n kwitansie soos beoog in artikel 18A(2)*(a)* van die Inkomstebelastingwet, aan die werkgewer uitgereik sal word; of

(b) òf gedurende 'n tydperk van ses maande wat op 1 April 2020 in aanvang neem—

(i) soos wat nie 16.66 persent oorskry van daardie besoldiging per maand nadat die bedrae in items *(a)*, *(b)* en (*b*A) van daardie paragraaf beoog, daarvan afgetrek is nie; en

(ii) waarvoor 'n kwitansie soos beoog in artikel 18A(2)*(a)* van die Inkomstebelastingwet aan die werknemer uitgereik sal word.

Verandering in kategorie van Belasting op Toegevoegde Waarde

6. (1) Nieteenstaande enigiets tot die teendeel in die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, word 'n ondernemer kragtens 'n Kategorie A- of Kategorie B-belastingtydperk geregistreer, geag in 'n Kategorie C-belastingtydperk te val, indien daardie ondernemer, vir doeleindes van artikel 28 van daardie Wet, 'n opgawe aan die Kommissaris voorsien en die belasting betaalbaar deur of terugbetaling verskuldig aan die ondernemer bereken ten opsigte van 'n maand wat binne die twee maande val wat die Kategorie A- of Kategorie B-belastingtydperk daarstel: Met dien verstande dat—

(a) die berekening van belasting betaalbaar deur of terugbetaling verskuldig aan die ondernemer, in ooreenstemming met artikel 16 van daardie Wet gedoen moet word, asof die ondernemer binne die Kategorie C-belastingtydperk val; en

(b) sodanige ondernemer 'n opgawe aan die Kommissaris sal voorsien en die belasting betaalbaar of die terugbetaling verskuldig aan die ondernemer sal bereken, ten opsigte van die maand wat ooreenstem met die maand waarin die Kategorie A- of Kategorie B-belastingtydperk eindig.

(2) Ten opsigte van 'n ondernemer geregistreer kragtens 'n Kategorie A-belastingtydperk, tree hierdie artikel gedurende die April tot Mei 2020 belastingtydperk in werking en eindig gedurende die Junie tot Julie 2020 belastingtydperk en sal vir 'n maksimum tydperk van vier maande in werking wees.

(3) Ten opsigte van 'n ondernemer geregistreer kragtens 'n Kategorie B-tydperk, tree hierdie artikel gedurende die Mei tot Junie 2020 belastingtydperk in werking en eindig gedurende die Julie tot Augustus 2020 belastingtydperk en sal vir 'n maksimum tydperk van vier maande in werking wees.

Verlenging van tydperke

7. (1) Vir doeleindes van die berekening van 'n tydperk voorgeskryf kragtens 'n Belastingwet soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie omskryf, moet die grendeltydperk as *dies non* beskou word vir 'n tydperk voorgeskryf—

(a) kragtens artikel 49G(1), artikel 50G(1), artikel 64L(1) en artikel 64M(1) van die Inkomstebelastingwet, vir doeleindes van die berekening van die drie-jaar-tydperk vir die indien van voorgeskrewe dokumentasie;

(b) ten opsigte van 'n kennisgewing kragtens artikel 47 van die Wet op Belastingadministrasie, indien die kennisgewing vereis dat 'n belastingpligtige 'n onderhoud op 'n datum binne die grendeltydperk bywoon;

(c) ten opsigte van 'n kennisgewing kragtens artikel 48(1) van die Wet op Belastingadministrasie, indien die datum van die ter plaatse oudit in die kennisgewing op 'n datum binne die grendeltydperk val;

(d) ingevolge 'n kennisgewing om voor 'n ondervraging kragtens artikel 53 van die Wet op Belastingadministrasie te verskyn, indien die datum van verskyning op 'n datum is wat binne die grendeltydperk val;

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(e) under section 60(3) in respect of a warrant of search and seizure issued under section 60 of the Tax Administration Act;

(f) in respect of an application for a ruling under Chapter 7 of the Tax Administration Act;

(g) under section 99(1) of the Tax Administration Act;

(h) in relation to section 100 of the Tax Administration Act, except for section 100(1)*(a)*(i);

(i) in respect of dispute resolution under Chapter 9 of the Tax Administration Act, including the dispute resolution rules under section 103;

(j) in respect of the application for the remittance of penalties under section 215(3) of the Tax Administration Act;

(k) in respect of a penalty incorrectly assessed under section 219 of the Tax Administration Act;

(l) in respect of the extension of deadlines under section 244(3) of the Tax Administration Act;

(m) for the appointment of a public officer under section 246(2)*(d)* of the Tax Administration Act; and

(n) in respect of revoking third party access under section 256(6) of the Tax Administration Act.

(2) For purposes of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), including the Rules under and Schedules to that Act, the following measures will apply:

(a) The period of the lockdown—

(i) will, subject to paragraph *(b)*, be regarded as *dies non* in respect of the calculation of any time period that may be prescribed or applicable—

(aa) for the furnishing of documents or proof, excluding supporting documents or proof referred to in subparagraph (ii)*(cc)*;

(bb) for the submission of reports, notices or notifications, except time periods prescribed in respect of reporting documents in terms of the rules under section 8;

(cc) for the submission and processing of applications for registration, licensing or accreditation, including renewal of registrations, licences or accreditation, for general refunds and drawbacks of duty, substitution of bills of entry, or any other application, except in circumstances where fast tracking of certain applications is required to support efforts to prevent the escalation of the national disaster or to alleviate, contain or minimise the effects thereof;

(dd) for purposes of internal administrative appeal procedures, alternative dispute resolution procedures or dispute settlement;

(ee) for purposes of calculating a prescription period in relation to tariff determinations, value determinations or origin determinations, including for purposes of refunds and drawbacks;

(ff) for purposes of an appeal to the High Court in respect of cases relating to tariff determinations, value determinations or origin determinations; and

(gg) in relation to any notification to SARS before serving process and the institution of proceedings against SARS, including in respect of proceedings by an owner to claim any goods seized under the Act; and

(ii) will not be regarded as *dies non* in respect of the period for—

(aa) submission of a bill of entry;

(bb) submission of an account or return as may be prescribed for excise duties, fuel levy, environmental levies, health promotion levy and air passenger tax;

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(e) kragtens artikel 60(3) ten opsigte van 'n lasbrief vir deursoeking en beslaglegging uitgereik kragtens artikel 60 van die Wet op Belastingadministrasie;

(f) ten opsigte van 'n aansoek om 'n beslissing kragtens Hoofstuk 7 van die Wet op Belastingadministrasie;

(g) kragtens artikel 99(1) van die Wet op Belastingadministrasie;

(h) met betrekking tot artikel 100 van die Wet op Belastingadministrasie, behoudens artikel 100(1)*(a)*(i);

(i) ten opsigte van dispuutbeslegting kragtens Hoofstuk 9 van die Wet op Belastingadministrasie, insluitend die reëls vir geskilbeslegting kragtens artikel 103;

(j) ten opsigte van die versoek om kwytskelding van boetes kragtens artikel 215(3) van die Wet op Belastingadministrasie;

(k) ten opsigte van 'n boete foutiewelik aangeslaan kragtens artikel 219 van die Wet op Belastingadministrasie;

(l) ten opsigte van die verlenging van spertye kragtens artikel 244(3) van die Wet op Belastingadministrasie;

(m) ten opsigte van die aanstelling van 'n openbare amptenaar kragtens artikel 246(2)*(d)* van die Wet op Belastingadministrasie; en

(n) ten opsigte van terugtrekking van derdepartytoegang kragtens artikel 256(6) van die Wet op Belastingadministrasie.

(2) Die volgende maatreëls is van toepassing vir doeleindes van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964), insluitend die Reëls kragtens en die Bylaes tot daardie Wet:

(a) Die tydperk van die inperking—

(i) word, behoudens paragraaf *(b)*, geag *dies non* te wees ten opsigte van die berekening van enige tydperk wat voorgeskryf of van toepassing mag wees—

(aa) vir die verskaffing van dokumente of bewyse, behalwe ondersteunende dokumente of bewyse in subparagraaf (ii)*(cc)* bedoel;

(bb) vir die voorlegging van verslae of kennisgewings, behalwe tydperke ten opsigte van rapporteringsdokumente ingevolge die reëls kragtens artikel 8 voorgeskryf;

(cc) vir die voorlegging en verwerking van aansoeke om registrasie, lisensiëring of akkreditering, insluitend die hernuwing van registrasies, lisensies of akkreditering, om algemene terugbetalings en teruggawes van reg, vervanging van klaringsbriewe, of enige ander aansoek, behalwe in omstandighede waar die bespoediging van sekere aansoeke vereis word ter ondersteuning van stappe om die eskalering van die nasionale ramp te verhoed of om die uitwerking daarvan te verlig, beheer of te verminder;

(dd) vir doeleindes van interne administratiewe appèlprosedures, alternatiewe geskilbeslegtingsprosedures of die beslegting van geskille;

(ee) vir doeleindes van die berekening van 'n verjaringstydperk ten opsigte van tariefbepalings, waardebepalings of oorsprongbepalings, insluitend vir doeleindes van terugbetalings en teruggawes;

(ff) vir doeleindes van 'n appèl by die Hooggeregshof ten opsigte van aangeleenthede rakende tariefbepalings, waardebepalings of oorsprongbepalings; en

(gg) in verband met enige kennisgewing aan SAID voor betekening van prosesstukke asook die instel van regsgedinge teen SAID, insluitend ten opsigte van regsgedinge deur 'n eienaar om goedere waarop kragtens die Wet beslag gelê is, op te eis; en

(ii) word nie geag *dies non* te wees nie ten opsigte van die tydperk vir—

(aa) voorlegging van 'n klaringsbrief;

(bb) voorlegging van 'n rekening of opgawe wat vir aksynsreg, brandstofheffing, omgewingsheffings, gesondheidsbevorderingsheffing en lugpassasiersbelasting voorgeskryf word;

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(cc) submission of supporting documents or proof required for purposes of a bill of entry, or an account or return referred to in item *(bb)*; and

(dd) for payment of duties due and payable.

(b) The Commissioner may, subject to paragraph *(c)*, on application condone any non-compliance with a time period not mentioned in paragraph *(a)*(i) that occurred after the start of the lockdown, if it is shown that the lockdown or any circumstance arising therefrom was the fundamental reason for the non-compliance.

(c) Paragraph *(b)* does not apply—

(i) if the non-compliance involves a time period excluded in terms of paragraph *(a)*(ii); or

(ii) if the provision prescribing the time period affords the Commissioner a discretion to permit or authorise an extension of that time period, in which circumstances permission or authorisation must be obtained in accordance with that provision.

(3) The dates referred to in sections 3(2), 4(2), 6(2), 7(2) and 8(2) of the Tax Administration Laws Amendment Act, 2019 (Act No. 33 of 2019), are hereby extended by three months to 1 October 2020.

(4) This section is deemed to have commenced on 26 March 2020.

Short title and commencement

8. (1) This Act is called the Disaster Management Tax Relief Administration Act, 2020.

(2) Save in so far as is otherwise provided for in this Act, or the context otherwise indicates, this Act is deemed to have come into operation on 1 April 2020.

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

(cc) voorlegging van ondersteunende dokumente of bewyse vereis vir doeleindes van 'n klaringsbrief, of 'n rekening of opgawe in item *(bb)* bedoel; en

(dd) vir betaling van regte verskuldig en betaalbaar.

(b) Die Kommissaris kan, behoudens paragraaf *(c)*, op aansoek enige nie-voldoening aan 'n tydperk in paragraaf *(a)*(i) vermeld wat voor die aanvang van die inperking plaasgevind het, kondoneer indien daar aangetoon word dat die inperking of enige omstandigheid wat daaruit voortspruit die grondoorsaak vir die nie-voldoening was.

(c) Paragraaf *(b)* is nie van toepassing nie—

(i) indien die nie-voldoening op 'n tydperk betrekking het wat ingevolge paragraaf *(a)*(ii) uitgesluit is; of

(ii) indien die bepaling wat die tydperk voorskryf aan die Kommissaris 'n diskresie verleen om 'n verlenging van daardie tydperk toe te laat of te magtig, in welke omstandighede toestemming of magtiging ooreenkomstig daardie bepaling verkry moet word.

(3) Die datums in artikels 3(2), 4(2), 6(2), 7(2) en 8(2) van die Wysigingswet op Belastingadministrasiewette, 2019 (Wet No. 33 van 2019), bedoel, word hierby met drie maande verleng tot 1 Oktober 2020.

(4) Hierdie artikel word geag op 26 Maart 2020 in werking te getree het.

Kort titel en inwerkingtreding

8. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Administrasie van Rampbestuurbelasting-verligting, 2020.

(2) Tensy hierdie Wet anders bepaal of dit uit die samehang anders blyk, word hierdie Wet geag op 1 April 2020 in werking te getree het.

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Reproduced by LexisNexis under Government Printer's Authorisation (Authorisation No. 11802) dated 13 November 2018

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**